Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**ASSESSMENT AND EXAMINATIONS DIRECTORATE**
Bundy Park, Private Bag 4571, King William's Town, 5600
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website:** www.ecdoe.gov.za

# NSC 2015 CHIEF MARKER'S REPORT

| | |
|---|---|
| **SUBJECT** | AFRIKAANS FAL |

| | |
|---|---|
| **PAPER** | **1** |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **DATE OF EXAMINATION:** | 28 OCTOBER 2015 | **DURATION:** | **2 HOURS** |

This section of the instrument is aimed at providing valuable feedback to schools, subject advisors, teachers and learners about common errors committed by candidates in the answering of questions, to assist teachers and subject advisors to identify areas that need to be given special attention in the teaching and learning of the subject in 2016.

Your responses will be based on two parts:

**Section 1:** General overview of Learner performance in the question paper as a whole

**Section 2:** Comment on candidates' performance on individual questions (Detailed explanations must be provided **per question** as follows: (You may include sub questions where necessary.)

(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?
(b) Why the question was poorly answered?
(c) Provide suggestion for improvement in relation to teaching and learning
(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners
(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development

**SECTION 1: (General overview of learners' performance in the question paper as a whole.)/**
**AFDELING 1: (Algemene oorsig oor kandidate se prestering in die vraestel in die geheel.)**




2015 is die tweede jaar dat daar 'n eksterne vraestel, gebaseer op die KBV-dokument, opgestel is. Hoewel daar 'n paar verrassings in die taalafdeling voorgekom het, is die vraestel in geheel op hierdie dokument gebaseer. Dit het onderwysers weereens bewus gemaak van die feit dat hy/sy die hele KBV-dokument moet onderrig en nie stagneer op die bekendste taalaspekte wat in die verlede op klem gelê is nie.

Oor die algemeen het dit ook geblyk dat kandidate nie oor vakterminologiewoordeskat beskik nie.

**SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions./**
**AFDELING 2: Lewer kommentaar op kandidate se prestering in individuele vrae.**
**(It is expected that a comment will be provided for each question on a separate sheet.)**

## QUESTION 1 (Comprehension / Leesbegrip)

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

- Gebrekkige taal- en uitdrukkingsvermoë blyk steeds die meeste kandidate te pootjie. Die nasiener kan agterkom dat die kandidaat die leesstuk verstaan, maar van die antwoorde wemel van Engelse- en slengwoorde. Hier diskwalifiseer die kandidaat homself outomaties.
- Daar het sekere vrae voorgekom wat vlak 5 kognitiewe denke vereis het wat buite die verwoordingsvaardigheid van 'n addisionele taal kandidaat val. Hier word spesifiek na vrae 1.8 & 1.9.2 verwys. Min kandidate kon ook die boodskap van die prentjie (1.17) in woorde verduidelik.
- Baie van hierdie vrae se antwoorde is aangehaal wat 'n perspektief verskuiwing veroorsaak. In plaas daarvan dat die kandidate. *Dit het hom die selfvertroue gegee* skryf, het hulle die deel van die sin **sonder aanhalingstekens** aangehaal *Dit het my die selfvertroue gegee.* Laasgenoemde antwoord kon nie aanvaar word nie aangesien die ***my*** na die kandidaat verwys en nie na Elvis nie.

| SLAAGPERSENTASIE VOLGENS 'N STEEKPROEF VAN 5750 SKRIFTE: AFDELING A – LEESBEGRIP | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 | Vlak 4 | Vlak 5 | Vlak 6 | Vlak 7 |
| 17.9% | 8.8% | 8.9% | 10.2% | 14.1% | 17% | 23.1% |

**(a) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions. (General mistakes)**

- Daar was kandidate wat nie geweet het wat *Cat* beteken nie. Enkele kandidate het gedink dit was 'n **kat**. Daar was ook diegene wat die hele begripstoets beantwoord het asof *Cat* die vak *CAT* of **Rekenaartoepassingstegnologie** is.
- Kandidate lees nie die vrae noukeurig met die doel om te verstaan wat hulle lees nie.
- Hulle het veral gesukkel met die interpretasie van die visuele teks en het antwoorde buite teksverband gegee.
- Kandidate sukkel met **woordeskat**, idiomatiese taal, insig en **interpretasie**.
- Vrae wat veral probleme gegee het, was vrae 1.3, 1.8, 1.9.2, 1.14 & 1.17.
- Vraagspesifieke probleme:
  - 1.2 By die rangskikking van die feite, word een vaardigheid getoets. Baie kandidate het gedink dat dit 'n meervoudigekeuse-vraag is en slegs een keuse gemaak in plaas daarvan om die feite in die regte volgorde te rangskik.
  - 1.4 Baie min kandidate kon by beide fasette van die ironie uitkom. Baie het slegs beskryf wat 'n beste vriend is.
  - 1.6 Kandidate beantwoord die waarom-vraag met 'n waar-antwoord.
  - 1.8 Baie min kandidate kon die vraag beantwoord. Hulle het gesê wat 'n leuen is, maar nie hoekom die sin alleen as 'n paragraaf aangewend is nie.

- 1.9.1 Baie min kandidate weet wat die verskil tussen konnotatief en denotatief is.
- 1.9.2 Kandidate verstaan nie die term **funksionaliteit** nie en sukkel met die verwoording van die antwoord. Hier het baie kandidate die betekenis van die woord donker gegee in plaas daarvan om te sê hoekom die woord **donker funksioneel** in die sin is, m.a.w. hoekom werk die woord binne konteks van die teks.
- 1.11.2 Hierdie vraag se numering is baie naby aan vraag 1.12 geplaas. 1.11.2 lyk baie soos 1.12 en kandidate is dan geneig om 1.12 uit te los.
- 1.14.1-1.14.3 Kandidate het gesukkel om hom-/haarself uit te druk oor **WAAROM** 'n mens na 'n rehabilitasiesentrum/tronk/lykshuis toe gaan. Kandidate moes verder dink as net dwelms. Baie het ook die vraag as 'n **HOE**-vraag beantwoord. Begrip en woordeskat was die grootste knelpunt.
- 1.14.3 Kandidate het nie geweet wat 'n lykshuis is nie en baie snaakse antwoorde het hier uitgekom. Lykshuis is onder andere met 'n malhuis verwar.
- 1.17 Die boodskap van die prentjie is verwar met die boodskap van die teks. Die prentjie is ook nie in konteks van die vraag beantwoord nie.
- 1.18 Hier skryf kandidate dikwels 'n aanbeveling eerder as 'n waarskuwing. Die vraag **waarteen** word deur die addisionele taalkandidate gelees as **wat is die waarskuwing.** Hierdie is 'n tegnies moeilike vraag vir addisionele taalkandidate.
- Vraag 1.16 en 1.18 se antwoorde is baie naby mekaar en kandidate los dan vraag 1.18 uit omdat hulle waarskynlik dink dat die antwoord iets anders moet wees.
- 1.20 Kandidate het gesukkel om 'n afleiding te maak en om raak te sien dat die antwoord eintlik baie eenvoudig en voor die hand liggend is: dit begin by die laagste tot die hoogste spoedbeperking.
- 1.22 Kandidate bring nie die bekommernis in verband met die skoolkinders agter op die bakkie nie.
- 1.23 Kandidate het na die prentjie van die pad buite die konteks van die grafiese teks gesien en slegs geskryf dat dit 'n pad is. Die verwysing moes wees dat die prentjie van die pad verwys na die grafika wat oor (padveiligheid op) paaie handel.
- 1.24 Hierdie vraag het kandidate uit vooraf kennis beantwoord en daarom die verkeerde antwoord binne teksverband gegee as *slegs een keer*.

**(b) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.**

- Meer onderrigtyd moet aan die beantwoording van leesbegrip en visuele tekste gewy word.
- Praktiese voorbeelde moet gegee word om afleidings binne teksverband te maak.
- 'n Leesprogram vir kandidate sal baie help vir die uitbreiding van woordeskat en ook om hulle aan die Afrikaanse idioom bloot te stel.
- Kandidate moet geleer word om die kern van die vaag te identifiseer.
- Nadat die kern identifiseer is, moet hy/sy besef dat dit die fokuspunt van die antwoord is en nie onnodig uitgebreide antwoorde gee nie.

**(c) Describe any other specific observations relating to responses of learners.**

- Kandidate beantwoord nie die vrae nie en haal klakkeloos aan met die hoop dat die antwoord êrens in die geskrewe deel voorkom en dat die nasiener dit sal identifiseer.
- Kandidate moet bewus wees van die feit dat indien ’n aanhaling gevra word, die kandidaat die aanhaling woordeliks en sonder foute moet oorskryf.
- Kandidate hoef geen beplanning vir hierdie vraag te doen nie. Van die kandidate het in paragraafvorm beplan en dan netjies puntsgewys oorgeskryf. Die beplanning is dan nie deurgehaal nie. Die nasieners moet dan die beplanning nasien indien die kandidaat nie aandui wat die beplanning en wat die finale opsomming is nie.
- Kandidate moet verkieslik ’n reël tussen elke antwoord ooplaat.

**(d) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development, etc.**

- Onderwysers moet aan kandidate verduidelik hoe om vrae te ontleed hoe om ’n vraestel te beantwoord en ook hoe puntetoekenning geïnterpreteer moet word.
- **Leerlinge kan geleer word om sy antwoord met die kern van die vraag te begin**. Die antwoorde sal dan in die meeste gevalle korrek wees.
- Kandidate werk slordig en skryf opmekaar wat nasien baie bemoeilik.

**QUESTION 2 (Summary / Opsomming)**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

- **Aangesien daar ’n fout in die instruksies van die 2015-vraestel voorgekom het, is aanhalings en frases nie gepenaliseer nie. Onderwysers moet daarop let dat dit slegs ’n eenmalige konsessie is.**
- Kandidate het dus oor die algemeen baie beter as in die verlede gevaar.

| SLAAGPERSENTASIE VOLGENS ‘N STEEKPROEF VAN 5021 SKRIFTE: AFDELING B– OPSOMMING | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 | Vlak 4 | Vlak 5 | Vlak 6 | Vlak 7 |
| 8.8% | 8.8% | 11.4% | 0% | 14.9% | 21.6% | 34.5% |

**(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

- Kandidate het die opsomming in paragraafvorm aangebied en die feite met kommas geskei.
- Kandidate kon nie die kernfeite identifiseer nie en haal woord vir woord aan; in sommige gevalle enkele woorde wat nie die kernfeit bevat nie.
- Dit is duidelik dat baie van die kandidate nie oor die woordeskat beskik of begrip het om dit wat gevra is verstaanbaar oor te dra nie.

- Kandidate beskik oor ’n beperkte woordeskat en taalvaardigheid wat die geïdentifiseerde feite soms onverstaanbaar oordra.
- Basiese woordorde- en sinskonstruksiefoute is begaan.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.**

- Kandidate moet onderrig word in die kuns van opsommingskryf.
- Kandidate moet onderrig word om die instruksies te analiseer en die kern van die vraag te identifiseer. Elke sin van die opsomming moet dan direk verband hou met die kernaspek.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners.**

- Dit blyk dat baie min kandidate die kuns van opsommingskryf bemeester het.
- Feit 4, 6 en 7 het kandidate gepootjie:
  - Feit 4: Die klem is hier óf op die belangrikheid van saamspeel óf op kwaliteittyd geplaas en nie op die versterking van die verhouding nie.
  - Feit 6: Kandidate het slegs gesê dat dit goed is om kompeterend te speel terwyl die fokus op wen/verloor/kompetisie deel van die lewe is.
  - Feit 7: Hier is in vele gevalle slegs genoem dat oog-handkoördinasie goed is in plaas daarvan om te noem dat elektroniese speletjies oog-handkoördinasie verbeter.
- Kandidate moet bewus wees dat daar nie meer as een feit per sin gegee moet word nie.

**(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development, etc.**

- Dit word aanbeveel dat onderwysers op ’n dag tot dag basis (5 minute per periode) kandidate ’n paragraaf moet laat lees waarna hulle die kern van die paragraaf moet identifiseer. Hiermee saam kan kandidate uitspraak en spelling oefen, nuwe woorde aanleer en ook die gebruik van ’n woordeboek.

**QUESTION 3 (Advertisement / Advertensie)**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

- Kandidate blyk steeds nie in die analise/interpretasie van advertensies onderrig te word nie.
- Hulle het daarom min begrip gehad van hoe om die vrae te benader en te beantwoord.
- Hooffeite kon nie geïdentifiseer word nie, moontlik weens taalarmoede.

**SLAAGPERSENTASIE VOLGENS ‘N STEEKPROEF VAN 5140 SKRIFTE: AFDELING C – TAAL VRAAG 3**

| Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 | Vlak 4 | Vlak 5 | Vlak 6 | Vlak 7 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 20.1% | 10.6% | 11.6% | 14.8% | 14.1% | 13.8% | 15% |

**(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

- Kandidate het nie die vrae verstaan nie.
- Beperkte woordeskat het verhoed dat kandidate die vrae in suiwer Afrikaans aangebied het. Die invoeging van Engelse- en sleng-woorde het hulle gepootjie.
- Dit blyk dat die kandidate nie die volgende woorde verstaan het nie: *dubbelsinnig, tegnieke, oortuig* en ook vraag 3.7.2 *Watter idee skep...*
- By vrae 3.2, 3.3; 3.4 & 3.7.2 was beperkte woordeskat die grootste probleem.
- Hier het kandidate nie net verwys na verskillende soorte mense in Suid-Afrika (die reënboognasie) nie, maar na verskillende mense in Afrika en ook wêreldwyd (nasies). Die term reënboog**nasie** het hulle verkort na **nasie(s)** wat binne konteks verkeerd is.
- By vraag 3.4 blyk dat kandidate nie geweet het wat van hulle verwag word nie. Ek verwys terug na my stelling dat kandidate nie in die analise van advertensies onderrig word nie. Advertensietegnieke vorm ’n belangrike deel hiervan. By hierdie vraag sal hulle bv. antwoord *Hulle praat van lekker, lekkerder en liquorice* in plaas daarvan om die tegniek **oortreffende trap** te benoem; verwysing na *Beacon wat die nommer een is* in plaas daarvan om na die tegniek **oorredende taal** te verwys.
- Enkele kandidate kon Vraag 3.5 korrek beantwoord.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.**

- Kandidate moet meer blootgestel word aan visuele tekste en *advertensietaal*. Dit is duidelik dat kandidate nie genoeg praktiese oefening in die klas kry nie.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners.**

- ’n Tekort aan woordeskat en kennis van algemene uitdrukkings en intensiewe vorme het kandidate punte laat verloor.

**(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development, etc.**

- Onderwysers moet hulle vergewis van die KBV-vereistes en kandidate sodanig onderrig.

**QUESTION 4 (Cartoons / Strokies)**

**(a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?**

- Kandidate het gesukkel met die analise/interpretasie van strokies.

- Visuele prikkels is swak geïnterpreteer en ook hier het beperkte woordeskat 'n negatiewe invloed op die uitkomstes gehad.

| SLAAGPERSENTASIE VOLGENS 'N STEEKPROEF VAN 4925 SKRIFTE AFDELING C – TAAL VRAAG 4 | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 | Vlak 4 | Vlak 5 | Vlak 6 | Vlak 7 |
| 18.4% | 10.6% | 11.7% | 11.7% | 12.5% | 12.1% | 23.1% |

**(b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

- Kandidate het van die vrae nie verstaan nie.
- Beperkte woordeskat het ook hier verhoed dat kandidate die vrae in suiwer en ook in verstaanbare Afrikaans aangebied het.
- Kandidate beskik duidelik nie oor idiomatiese taalvermoë nie.
- By vraag 4.1 het baie kandidate gesê dat die funksie van die ellips is om jou, as leser, te laat dink. In hierdie konteks is dit verkeerd.
- Kandidate het nie geweet wat 'n homoniem by vraag 4.2 is nie en het 'n sinoniem vir *Hi* gegee.
- Hoewel antwoorde by vrae 4.3.1, 4.3.2 & 4.3.3 voor die hand liggend blyk te wees, het kandidate gesukkel om by die regte antwoorde uit te kom. By vraag 4.3.2 het kandidate die hele sin in raampie 2 uitgeskryf *ek is terug* in plaas van *ek is*.
- Die woord *uitroepteken* kon deur weinig kandidate benoem word.
- By vraag 4.5 het kandidate net verwys na die strepies op sy stert in plaas die strepies bo sy stert. Addisionele taalsprekers sukkel steeds met voorsetsels.
- Met vrae 4.2, 4.4, 4.3.1, & 4.5 is beperkte woordeskat die grootste probleem.
- Kandidate skryf meer feite neer as waarvoor gevra word.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.**

- Kandidate moet blootgestel word aan en onderrig word in visuele tekste asook strokiestaal en -tegnieke.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners.**

- Kandidate is geneig om direk uit Engels in Afrikaans te vertaal wat sinsbetekenis kan beïnvloed.
- Liggaamstaal en gesigsuitdrukkings kon deur baie van die kandidate nie geïnterpreteer word nie.

**(e) Any other comments useful to teachers, subject advisors, teacher development, etc.**

- Onderwysers moet die KBV-dokument tesame met die eksamenriglyne bestudeer om 'n deeglike oorsig te kry van dit wat van die kandidate verwag word. Dit is onredelik om 'n kandidaat nie volgens vereistes te onderrig nie en

dan van hulle te verwag om die finale eksamen met vlieënde vaandels te slaag.

## QUESTION 5

### (a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered?

- Kandidate het uiters swak in hierdie afdeling gevaar.
- By die prosavraag het kandidate nie oor die kennis van taalkonvensies beskik nie.
- By die visuele teks was beperkte woordeskat die grootste probleem.

| SLAAGPERSENTASIE VOLGENS 'N STEEKPROEF VAN 5561 SKRIFTE: AFDELING C – TAAL VRAAG 5 | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Vlak 1 | Vlak 2 | Vlak 3 | Vlak 4 | Vlak 5 | Vlak 6 | Vlak 7 |
| 29.4% | 13.5% | 12.3% | 13.5% | 13.4% | 11.9% | 6% |

### (b) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.

- Daar is kandidate wat nie die vraestel kon voltooi nie – hoewel in die minderheid.
- Kandidate gebruik hoofletters in die middel van 'n sin of na 'n komma.
- Vrae word nie korrek genommer nie.
- Kandidate het nalatige foute begaan en dele van antwoorde wat in die vraestel voorkom, (bv. vrae 5.1.8, 5.1.10 en 5.1.11) is verkeerd oorgeskryf: daar is óf woorde ingevoeg óf uitgelaat óf verander.
- Basiese taalvaardigheidsvrae is verkeerd beantwoord.
- Baie onnodige spelfoute het voorgekom.
- Algemene foute by vrae was:
  - 5.1.1 Woordorde foute het in die sin voorgekom en die vraagteken is weggelaat.
  - 5.1.2 Kandidate het *lekkerny* as die adjektief geïdentifiseer i.p.v. *Suid-Afrikaanse.*
  - 5.1.3 Baie kandidate sukkel nog met die basiese sinskonstruksie.
  - 5.1.4 Met die verskuiwing van die hoofsin, het kandidate nie *sal jy* verander na *Jy sal* nie. Hulle het die sin dus verander na 'n vraagsin in plaas daarvan om die sin as 'n stelsin te behou. Die grootste gros van die kandidate het hierdie vraag verkeerd gehad.
  - 5.1.5 Kandidate het oor die algemeen die meervoudsvorm van *spyskaart* korrek gehad. Daar was ook kandidate wat die verkleiningsvorm vir *spyskaart* gegee het.
  - 5.1.6 Kandidate kon óf nie die vraag beantwoord nie óf hulle het *koeksisters* verkeerd gespel.
  - 5.1.7 *Meisieskole* is soms na *meisie-skole* of *meisieskoole* verander.
  - 5.1.8 Die toepassing van voegwoorde blyk 'n nimmereindigende probleem te wees.
  - 5.1.9 Die korrekte oorskryf van die infinitief is steeds 'n tameletjie.

- 5.1.10 Kandidate ken nog nie die basiese reëls vir die direkte en indirekte rede nie.
- 5.1.11 Die vraag oor die invoeging van die leesteken is redelik goed beantwoord.
- 5.1.12 Baie min kandidate het die afkorting van Sondag korrek gehad. Die afkorting is skynbaar ook verkeerd in ’n goedgekeurde taalboek.
- 5.1.13 Enkele kandidate kon die korrekte vorm van *vrylaat* as *vrylating* korrek weergee.
- 5.1.14 Baie kandidate het hierdie vraag korrek beantwoord.
- 5.2.1 Ongeveer 50% van die kandidate kon die formele aanspreekvorm *u* identifiseer.
- 5.2.2 – 5.2.4 & 5.2.6 Gebrekkige woordeskat is hier die grootste leemte.
- 5.2.4 Baie min kandidate kon die sin korrek verbeter.

**(c) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning.**

- Weens die druk met die groot hoeveelheid voorgeskrewe werke, is taalonderrig en -hersiening in graad 12 beperk. **Daar moet egter steeds taalwerk en/of taalhersiening gedoen word** sodat die kandidate deurgaans aan formele taalonderrig blootgestel word ter voorbereiding van hulle finale eksamen.
- Kandidate moet aangemoedig word om te lees; dit sal woordeskat en taalidioom verbeter.
- Ouers moet by die onderrigprogram betrek word wat ’n positiewe aanmoediging vir die kandidate sal wees.
- Onderwysers moet die beantwoording van vraestelle by hulle leerders inskerp.

**(d) Describe any other specific observations relating to responses of learners.**

- Die gebrek aan kennis van taalkonvensies en woordeskat blyk die grootste probleemareas te wees.
- Daar moet meer klem op handskrif gelê word. Van die kandidate skryf onleesbaar.

**Algemene kommentaar.**

- Kandidate moet geleer word dat wanneer hulle ’n fout maak hulle nie pyltjies moet trek om te wys dat bv. vraag 1.3 se antwoord by 1.4 moet kom en visa versa nie. Hulle moet eerder die totale vraagnommer en antwoord doodtrek en oorskryf.
- Kandidate moet verkieslik ook ’n reël tussen antwoorde ooplaat.
- Hulle aandag moet ook daarop gevestig word dat hulle elke vraag op ’n skoon bladsy moet begin.
- Onderwysers moet dit op die kandidate se hart druk dat hulle nie
  - flaterwater mag gebruik nie en
  - slegs een kleur pen moet gebruik.

- Onderwysers kan leerders aanmoedig om Afrikaanse webwerwe te besoek.
- Vakkennis van kundige onderwysers moet deur middel van werksessie na die onderwysers wat voor die klas staan, teruggeploeg word.
- Afrikaans moet as lewende taal aangebied word sodat die leerders 'n liefde vir die taal ontwikkel. Hierdie positiewe gesindheid sal dan in hulle uitslae weerspieël word.
- Afrikaans moet in Afrikaans aangebied word en so min moontlik Engels moet in die klas gepraat word.
- Daar moet op die leerders se hart gedruk word dat hulle wel vir vraestel 1 MOET leer.

| Mev. A van den Berg | *A. van de Bergh* | 11 Desember 2015 |
|---|---|---|
| **NAAM VAN HOOFMERKER** | **HANDTEKENING** | **DATUM** |